

13. BYBELMEDIA, BYBELVERTALING EN –VERSPREIDING

13.1 RAPPORT DEPUTATE BYBELMEDIA (Artt.65, 141)

- A. Dr. F. van der Walt stel die Rapport.
- B. Dr. Kobus Victor, Besturende Direkteur van Bybelmedia, word verwelkom en aan die woord gestel.
- C. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie vir Bybelverspreiding en -vertaling.
- D. Dr. A.G.S. Venter stel die Kommissierapport.

E. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 1997:119.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

- 2.1 Die Afrikaanse vertaling van die *Institusie van Calvyn* is uitverkoop.
- 2.2 Net enkele manuskripte is aan die Deputate deurgestuur om aan keuring mee te werk. Bybelmedia maak tans nie van adviespanele gebruik soos in die verlede nie.
- 2.3 'n Herstruktureringproses binne en rondom Bybelmedia kan ook verdere verandering meebring.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

- 3.1 Daar word nie weer Deputate vir Bybelmedia aangewys nie.
- 3.2 Daar word oor verdere samewerking besluit in die lig van die herstrukturering.

Besluit: Punte 3.1 en 3.2 word nie goedgekeur nie. Daar word weer Deputate benoem (verkieslik uit Klassis Boland) met die opdrag om met Bybelmedia saam te werk in die keuring van manuskripte.

13.2 RAPPORT DEPUTATE BYBELVERSPREIDING (Artt.69, 141)

- A. Die Voorsitter verwelkom ds. G.A. Hattingh en ds. H.J. Geyer, laasgenoemde is die verteenwoordiger van die Bybelgenootskap.
- B. Ds. G.A. Hattingh stel die Rapport.
- C. Ds. H.J. Geyer spreek die Sinode toe.
- D. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie vir Bybelverspreiding en -vertaling.
- E. Dr. W.C. Vergeer stel die Kommissierapport.

F. RAPPORT

1. Opdrag

Fondsinsameling vir Bybelverspreiding en skakeling met die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (vgl. Acta 1997:122, 4).

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

2.1 *Fondsinsameling*

Gereelde uitstuur van inligtingstukke, persverklarings, besoeke op uitnodiging aan kerke en meerdere vergaderings deur ds. G.A. Hattingh, uitstallings en kollekte by sustersaamtrekke, ontvangs van

besoekersgroepe, ensovoorts, het soos in die verlede op gereelde basis voortgegaan. Kontak is ook voortdurend met die onderskeie Klassisdeputate onderhou.

2.2 Skakeling met die Bybelgenootskap

- 2.2.1 Verskeie Gereformeerde lidmate en predikante dien op die onderskeie Streekgrade van die Bybelgenootskap.
- 2.2.2 Ds. Hattingh dien ook as skakeldeputaat volgens 'n goedgekeurde ooreenkoms (Acta 1988:706, 2.1.1).
- 2.2.3 Die Bybelgenootskap is beskikbaar op Internet (by www.biblesociety.co.za) en op e-pos: bibjhg@biblesociety.co.za.
- 2.2.4 **Aanbeveling:** Die Sinode neem kennis van punt 2.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waarvoor die Sinode moet besluit

3.1 Bibliathon 2000

Soos met Bibliathon '91 en Bibliathon '94, beoog die Bybelgenootskap in samewerking met alle belangstellendes D.V. weer 'n Bibliathon 2000 om fondse in te samel vir spesiale projekte, soos die Bybel vir Dowes, Braille, Bybels in grootdruk in verskillende tale, Audio-Bybels, asook die Bybel in Suid-Ndebele, die enigste van die amptelike tale waarin die Bybel nog nie volledig vertaal is nie.

3.2 2000 Die jaar van die Bybel

In die pers is reeds bekend gemaak dat die Bybelgenootskap saam met alle Christene die jaar 2000 wil gedenk as jaar van die Bybel. Die Bybelgenootskap het ook 'n Bybellesregister beskikbaar waardeur dit vir Bybellesers moontlik is om die Bybel in chronologiese volgorde in een jaar deur te lees. Die register is gratis by die verskillende Bybelhuise verkrygbaar.

- 3.3 **Aanbeveling:** Die Sinode neem met dank kennis van 3.1 en 3.2 en moedig kerke aan om waar moontlik plaaslik die projekte te ondersteun.

Besluit: Goedgekeur.

4. Finansies

4.1 Bydrae van kerke en lidmate

Die donasies, kollekte, skenkings (bv. testamentêre bemakings) wat direk en via die Administratiewe Buro by die Bybelgenootskap inbetaal is, is soos volg:

Jaar geëindig 31 Oktober	Bedrag	Gemiddeld per Belydende lidmaat
1997	R588 596.22	7.59
1998	R647 893.05	8.48

Besluit: Kennis geneem.

4.2 Aanbeveling

- 4.2.1 Die Sinode betuig sy dank aan kerke en lidmate vir voortgaande finansiële ondersteuning vir Bybelverspreiding en die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Lidmate word aangemoedig tot groter bydraes, weens die toenemende vraag na Bybels.
- 4.2.2 Die Sinode neem as riglyn vir Bybelverspreiding die bedrag waarmee die Bybelgenootskap 'n Bybel subsidieer, plus R1.00. (In 1999 is dit R15.00 per Bybel.) Die nuwe Deputate moet die riglyn jaarliks aan kerke voorsien (vgl. Acta 1997:121, 3.1.1.2).

Besluit: Goedgekeur.

5. Aanbevelings

- 5.1 Die Sinode benoem weer Deputate vir Bybelverspreiding met opdrag Fondsinsameling vir Bybelverspreiding en skakeling met die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- 5.2 Die nuwe Deputate gee aandag aan die onderhandeling met 'n Kerkraad (of Kerkrade) vir die dienste van 'n predikant of predikante by die Bybelgenootskap na die eventuele emeritering van ds. G.A. Hattingh (vgl. 2.2.2 van ons Rapport, asook Acta 1997:122, 3.2.2.1 - deelydse skakelwerk in Bloemfontein).

Besluit: Goedgekeur.

F. AANVULLENDE RAPPORT

1. Fondsinsameling

Die totale bedrag wat vir die jaar geëindig 31 Oktober 1999 ingesamel is, beloop R733 391.51. Dit is 'n gemiddeld van R9.66 per belydende lidmaat.

Besluit: Kennis geneem.

2. Skakeling met die Bybelgenootskap van SA – versoek van die Hoofsekretaris

Ds. Gerrit Kritzinger, Hoofsekretaris van die Bybelgenootskap, het vriendelik versoek om die Sinode by te woon en indien moontlik die Sinode kortliks in te lig oor tendense in verband met Bybelverspreiding en die werk van die Bybelgenootskap.

Ons as Deputate wil graag sy versoek by u aanbeveel.

Besluit: Goedgekeur.

13.3 DEPUTATE VIR BYBELVERTALING (Artt.46, 141)

- A. Dr. I.L. Bekker stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie vir Bybelverspreiding en -vertaling. Punt 4.2 word verwys na die Kommissie Finansies.
- C. Dr. A.G.S. Venter stel die Kommissierapport.

D. RAPPORT

1. Opdrag

Acta:1997:126, 3.1.1; 127, 3.1.2;3.1.3;3.1.4;3.1.5.

Die opdrag word in numeriese volgorde behandel.

Opdrag 1:126, 3.1.1

Verleen samewerking aan die Bybelgenootskap se vertalingsimposia en bevorder aldaar die saak van 'n brongeorïenteerde vertaling van die Bybel in moderne Afrikaans, sowel as by die Advieskomitee vir Bybelvertaling, as 'n baie dringende aangeleentheid.

Opdrag 2:127, 3.1.2

Benoem persone op die Advieskomitee vir Bybelvertaling, wanneer só versoek, of vul die GKSA-lede op dié komitee aan, wanneer nodig.

Opdrag 3:127, 3.1.3

Voer gesprek oor die voortsetting van 'n nuwe vertaling van die Bybel in Zoeloe met die Bybelgenootskap.

Opdrag 4:127, 3.1.4

Neem die vertaling van die Godname YHWH en Adonai in eventuele Bybelvertalings en – hersienings op deurlopende basis met die Bybelgenootskap op en bring die erns van hierdie saak uitdruklik onder die aandag van die Bybelgenootskap.

Opdrag 5:127, 3.1.5

Skakel met die Bybelgenootskap van Namibië oor die Kung-Boesmanbybelvertaling en probeer hul positiewe samewerking verkry in die publikasie daarvan.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

2.1 *Verwysingsbybel 1983-vertaling:* Die Deputate het met dank kennis geneem dat die 1983-Verwysingsbybel as projek van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, voltooi is en in Augustus 1998 bekendgestel is. Prof. J.J. Janse van Rensburg is uit die geleedere van die GKSA op hierdie Redaksie benoem. Ook het die volgende professore van die GKSA grondwerk gedoen vir sekere Bybelboeke:

Prof. F.N. Lion-Cachet	Rigters
Prof. H.F. van Rooy	2 Samuel
Prof. E.J. Smit	Nehemia
Prof. J.L. Helberg	Jesaja 40-66 en Klaagliedere
Prof. J.J. Janse van Rensburg	Handelinge, 1 Tessalonisense en 1 Petrus
Prof. G.J.C. Jordaan	Kolossense
Prof. L. Floor	2 Timoteus
Prof. M.A. Kruger	2 Petrus en Judas
Prof. J.C. Coetzee	1 Johannes

Prof. Van Rensburg was ook in besonder verantwoordelik vir die redigering van die boeke Handelinge tot Openbaring (Bylae 1).

2.2 *Bybelvertalingskongres:* Die Deputate het deelgeneem aan 'n Bybelvertalingskongres wat op 23-25 Februarie 1999 te Hammanskraal plaasgevind het. Prof. G.J.C. Jordaan het by dié geleentheid 'n voordrag gelewer oor die onderwerp: “Die noodsaak en behoefte aan 'n brontaal-georiënteerde vertaling van die Bybel in Afrikaans” (Bylae 2).

2.3 *Skakeling met Bybelgenootskap van Namibië oor Kung-Boesmanbybelvertaling:* Waar daar in die verlede swak samewerking van die Bybelgenootskap van Namibië verkry is vir die Kung-Boesmanbybelvertaling, kan die Deputate nou met dankbaarheid meld dat die samewerking tans op 'n hartlike, broederlike vlak is. Hierdie verandering in gesindheid word ook met blydskap deur die hoofvertaler van die Kung-Boesmanbybelvertaling, ds. P.J.W.S. van der Westhuizen, gekonstateer (Bylae 3).

2.4 *Nuwe vertaling van die Bybel in Zoeloe:* Op navraag het die Bybelgenootskap van SA verwys na hul skrywe aan die Deputate van 11 Desember 1995 (Bylae 4). Hierin word gemeld dat die Nuwe Testament en Psalms in 1986 gepubliseer is. Daarna is die projek voorlopig opgeskort. Sodra die Bybelgenootskap se program dit toelaat, sal hulle weer aan die GKSA se versoek (kyk Sinode 1991:114, 2.2.2.1) aandag gee. Hulle belowe om ons van enige verdere verwikkelinge op hoogte te hou. Intussen word die *status quo* gehandhaaf.

2.5 *Godsname YHWH en Adonai:* Die Deputate het kennis geneem dat hierdie saak nie meer op die 1983-vertaling van die Bybel van toepassing gemaak kan word nie, aangesien hierdie vertaling nou afgehandel is, ook met betrekking tot revisie. Aangesien die saak van 'n brontaalgeoriënteerde vertaling van die Bybel in moderne Afrikaans nou aandag kry, sal die vertaling van die Godsname sekerlik weer onder die loep kom.

2.6 *Kerklike Advieskomitee vir Bybelvertaling:* Op 26 Oktober 1998 is 'n vergadering van die Kerklike Advieskomitee op Kempton Park gehou. Die stukke wat gedien het, word hierby aangeheg (Bylaes 5 en 6). Volgens die Reglement van hierdie Advieskomitee het die GKSA vyf verteenwoordigers met volle stemreg op hierdie liggaam. Vergaderings word normaalweg een keer per jaar gehou.

2.7 *Die Afrikaanse Bybel vir Dowes (ABD):* Die behoefte aan 'n Afrikaanse vertaling uit die grondteks vir gebruik deur Dowes, is deur die Bybelgenootskap van SA geïdentifiseer. Die teikengroep is persone wat doof gebore is of prelinguaal doof geword het en deur opleiding 'n beperkte

taalvermoë ontwikkel het. Op 15 Augustus 1996 het die Nasionale Raad van die Bybelgenootskap van SA sodanige Bybelvertalingsprojek vir Dowes in Afrikaans goedgekeur. 'n Proefvertaling (Genesis en Markus) verskyn in 1998 vir kommentaar deur 'n paneel van keurders. Die Deputate is gevra om twee name van moontlike keurders uit die GKSA (liefs dowes of predikante/ander persone wat met dowes werk of gewerk het) aan die Bybelgenootskap deur te gee (Bylae 7). Ná 'n aanvanklike vertraging weens verandering van kerkverband van 'n genomineerde, is die name van ds. Louis Aucamp (Gereformeerde Kerk Worcester) en me. Naomi van Vuuren (Skool vir Dowes, Worcester) eenparig goedgekeur vir deursending na die Bybelgenootskap.

- 2.8 Op die vergadering van die Kerklike Advieskomitee oor Bybelvertaling (KAB) wat op 25/10/1999 te Kemptonpark gehou is, is besluit om vroeg in 2001 'n simposium oor metodes van vertaling van die Bybel te hou. By hierdie simposium sal die brontaalgeoriënteerde vertaling besluit 'n belangrike plek in neem. 'n Kommissie is deur die KAB benoem om hierdie byeenkoms te reël.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

- 3.1 *Benoeming van lede op Keurkomitee vir ABD:* Die GKSA verleen sy hartlike goedkeuring met hierdie lofwaardige projek (Bylae 8) en ook die benoeming deur die Deputate van twee kundiges uit die GKSA, te wete ds. Louis Aucamp en me. Naomi van Vuuren, as lede van die Keurkomitee.
- 3.2 *Benoeming van Advieskomitee vir Bybelvertaling:* Uit die geledere van die Deputate is die volgende persone op die Kerklike Advieskomitee vir Bybelvertaling aangewys:
Primi: proff. J.C. Coetzee (s), H.F. van Rooy, J.J. Janse van Rensburg, G.J.C. Jordaan en dr. I.L. Bekker.
Sekundi: prof. J. Swanepoel en dr. A.G.S. Venter.
 Die Bybelgenootskap is van hierdie benoeming in kennis gestel.
- 3.3 *Voortsetting van die Nuwe Vertaling van die Zoeloe-Bybel:* Die Deputate adviseer dat hierdie op saak (± 14 jaar) as opdrag aan die Deputate vir Bybelvertaling sal verval. Gereformeerde Sendelinge onder die Zoeloes in Kwazulu-Natal en ander belanghebbendes kan dan gemotiveerde skrywes direk rig aan die Bybelgenootskap van SA.
- 3.4 *Voortsetting van gesprek oor Godsname YHWH en Adonai:* Die erns van die vertaling van die Godsname YHWH en Adonai word op deurlopende basis met die Bybelgenootskap opgeneem, onder andere vir beplande Bybelvertalings en –hersienings, op simposia, kongresse en in gesprekke.
 Die skakeling in hierdie verband oor die 1983-vertaling sal egter geen doel dien nie, aangesien dié vertaling se revisie reeds afgehandel is. Hierdie aangeleentheid is ook opgeneem in die Deputate se hersiene Memorandum vir Bybelvertaling (Bylae 9). Ook word aandag gegee aan Sinodebesluite oor hierdie saak (Acta 1985:579, 582; 1988:716 en 1991:114).
- 3.5 *Bevordering van 'n brontaalgeoriënteerde Bybelvertaling:* Die verloop van die Bybelvertalingskongres wat op 23-25 Februarie 1999 te Hammanskraal plaasgevind het, dien ook vir die Deputate tot motivering om 'n nuwe brontaal-georiënteerde vertaling van die Bybel aan te gang te kry. Daar is naamlik by verskeie van die referente en kongresgangers 'n toegeneentheid aangetref vir die idee van só 'n vertaling. Akademici uit ander kerke steun ook hierdie gedagte. Sulke persone kan genader word om mee te werk aan projekbeplanning ter voorlegging aan die Bybelgenootskap. Met die oog op só 'n voorlegging vra die Deputate dat die Sinode hom sal uitspreek oor die volgende vertrekpunte wat daarin vervat sal moet word:
- 3.5.1 Dit word duidelik gestel dat die beoogde brontaal-georiënteerde vertaling nie 'n reaksie-vertaling is wat enige van die bestaande Afrikaanse Bybelvertalings wil vervang nie, maar bloot 'n nuwe vertaling met 'n eie selfstandige vertalingsdoel en –metode
- 3.5.2 Klem word gelê op die waarde van 'n brontaal-georiënteerde vertaling vir Bybelstudie
- 3.5.3 Dit word duidelik gestel dat die brontaal-georiënteerde vertaling nie bedoel om uitsluitlik na 'n sekere grondteks (bv. die *Textus Receptus*) as grondteks vir die Nuwe Testament terug te keer nie, maar dat van die heel beste teksweergawes gebruik gemaak sal word

3.5.4 Klem word gelê op samewerking met teoloë en akademici ook uit ander Protestants kerklike kringe (Bylae 10).

Besluit: Goedgekeur. Die redaksie en al die medewerkers word gelukgewens met hulle aandeel aan die Verwysingsbybel op die 1983-vertaling.

4. Aanbevelings

4.1 *Benoem weer Deputate met die volgende opdragte*

4.1.1 Verleen samewerking binne die begroting aan vertalingsimposia en –kongresse van die Bybelgenootskap van SA, asook Universiteite.

4.1.2 Benoem persone op die Advieskomitee vir Bybelvertaling en op die Keurkomitee van die Afrikaanse Bybel vir Dowes, wanneer só versoek.

4.1.3 Gee ernstig aandag aan die bevordering van die saak van ’n brontaal-georiënteerde vertaling van die Bybel in moderne Afrikaans, onder andere deur die selfstandige reël, in samewerking met die Bybelgenootskap, van ’n Bybelvertalingskongres of –simposium, vermaamlik toegespits op ’n brontaal-georiënteerde vertaling.

4.1.4 Gee op ’n deurlopende basis aandag aan die vertaling van die Godsname YHWH en Adonai in eventuele Bybelvertaling en –hersienings.

Besluit: Goedgekeur.

4.2 Oorweeg om soos volg te begroot vir reiskoste vir Deputate Bybelvertaling vir die komende driejaar-termyn:

3 Vergaderings (min. 1 per jaar)	R3 300.00
2 Simposia/kongresse	R3 200.00
3 Advieskomiteevergaderings (min. 1 per jaar)	<u>R3 000.00</u>
TOTAAL	R9 500.00

Besluit: Goedgekeur met dien verstande dat ’n nuwe begroting by die Bestuur van die Administratiewe Buro vir elke finansiële jaar, voor 30 April ingedien moet word (vgl. Acta 1997:452, 3.1.3).

13.4 BESWAARSKRIF TEEN DIE GOEDKEURING VAN DIE 1983/92-VERTALING VAN DIE BYBEL (NAV) VIR KERKLIKE GEBRUIK (Artt.116, 189, 225)

A. Br. G. Erasmus stel die Beswaarskrif.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie vir Bybelverspreiding en –vertaling met die opdrag om vooraf vas te stel of die Beswaarskrif volgens KO, art.46 ontvanklik is.

C. Dr. W.C. Vergeer stel die Kommissierapport oor die ontvanklikheid volgens KO, art.46.

D. **Besluit:** Die Beswaarskrif is ontvanklik.

E. Dr. W.C. Vergeer stel die Kommissierapport.

F. **Besluit:**

1. Kennis geneem dat br. G. Erasmus, na oorlegpleging en gesprek met die Kommissie besluit het om die Beswaarskrif terug te trek.

Motivering:

Die broeder meen dat hierdie omvangryke en belangrike saak só die beste gedien kan word.

2. U kommissie verwys br. Erasmus na die Teologiese Skool Potchefstroom vir verdere gesprekvoering met kundiges oor die hele saak van sy Beswaarskrif, in besonder oor die verskillende vertaalmetodes en die grondteks van die Bybel.

Aanbeveling

Die saak word nie verder deur hierdie Sinode gehanteer nie.

Besluit: Goedgekeur.

13.5 VERSLAG VAN DIE GEREFORMEERDE KERK WINDHOEK OOR DIE BOESMAN BYBELPUBLIKASIEPROJEK (Artt.113, 180, 225)

- A. Ds. H. Reinecke stel die verslag.
- B. **Besluit:** Die verslag word verwys na die Kommissie Bybelverspreiding en –vertaling.
- C. ‘n Ongenommerde aanvullende verslag van die Geref. Kerk Windhoek word ter tafel geneem en ook verwys na die Kommissie Bybelverspreiding en –vertaling.
- D. Dr. W.C. Vergeer stel die Kommissierapport.

E. VERSLAG

1. Vordering

Sedert die begin van 1997 is ons besig met die lees van die totale Bybel op klankkasset en het reeds (op 27 September 1999) 62 kassette van 90 minute elk voltooi. Daarvan is 47 Ou Testament en 15 Nuwe Testament. Die Ou Testament strek van Genesis 1:1 tot Jeremia 51:50 en die Nuwe Testament tot 2 Timoteus 2:19. Die Ou Testament is reeds op band gelees tot Esegïel 3:11 en die Nuwe Testament tot by Hebreërs 10:31. Die beplanning is nog steeds om teen die einde van die jaar D.V. hierdie taak af te handel.

Die lees van veral Kronieke, maar ook van die ander boeke daar rondom wat baie naamlyste bevat, het ons baie opgehou. Daar kon ons nie sin vir sin opneem nie, maar moes naam vir naam opneem! Die probleem is die voorleser kan nie self lees nie sodat elke sin wat op band geneem word, eers voorberei moet word.

As die opname gedoen is, moet die band deurgeluister word en foute reggemaak word. Dit word gedoen wanneer Sisawa (die leser) weer terug is by sy huis in Gobabis en dit het al gebeur dat ‘n woord wat op ‘n plek uitgeval het, maar van ‘n ander band af oorgedra en ingevoeg moes word.

Die leeswerk is terselfdertyd ook hersiening. Al die vertalings is op rekenaar en veranderings waarop ons besluit, word direk op die teks aangebring.

2. Verspreiding

Van Ou en Nuwe Testament is 12 bande elk reeds in massa gedupliseer en gereed vir verspreiding. Aangesien ons nou van ‘n plaaslike dupliseerdiens gebruik maak, sal hierdie werk ook nou vinniger vorder. Van elke band maak ons voorlopig 99 afskrifte. (Die 99 pas mooi in die houers wat ons gebruik om stoorruimte goed te benut en die duplisering word in bondels van drie elk gedoen.) Die massaduplisering sal waarskynlik nog in die jaar 2000 voortgaan. Dit is ook ‘n duur proses – die totale Bybel sal ongeveer 70+ kassette beslaan. Teen 99 afskrifte elk, beteken dit 7 000+ bande tesame met die ateljeekoste vir duplisering. Ons sal nie die koste kan verhaal met verspreiding nie, aangesien ons baie maal aan Boesmans bande gratis beskikbaar moet stel wanneer hulle dit nie kan bekostig nie. Die Gereformeerde Kerk Windhoek is tans besig met beplanning vir die beskikbaarstelling van die Bybelvertaling (ook later in boekvorm) vanaf begin 2000.

Ons het tans nog nie ‘n effektiewe verspreidingsnetwerk nie, maar ‘n aantal plaasgroepe in Gobabis gebruik reeds die kassette en ‘n aantal is ook in die noorde in die Tsumkwe omgewing (oos van Grootfontein) in gebruik.

‘n Groep Swede wat in die noorde van Botswana werk, het ons tuisblad op Internet gelees en ‘n proefbandjie bestel. Ons het reeds van hulle ‘n bestelling gekry van al die Nuwe Testament bande wat gereed is, met die verslag dat die proefband met groot vreugde deur Boesmans in hulle omgewing ontvang is.

'n Ruim skenking van 'n handelsbank het dit moontlik gemaak om 20 kassetspelers aan te koop wat met 'n slinger en sonkrag werk en van die spelers is reeds in die Gobabis – en Tsumkwe omgewing in gebruik.

3. Bybelgenootskap van Namibië

Nadat dit 'n aantal jare nie die geval was nie, ondervind ons weer dat die Bybelgenootskap van Namibië ons projek goedgesind is; ons het reeds gesprek gevoer met die vertalingskonsultant met die uiteindelijke doel om die deelname van die genoemde Bybelgenootskap te verkry in die verdere publikasieproses.

4. Finansies

Ons het dit gedurende die afgelope drie jaar beleef hoedat daar van oraloor ruim harte was vir hierdie saak en die Here, deur die finansiële betrokkenheid van baie mense, kerke en instansies, voorsien het, sodat ons onbekommerd met die werk kon voortgaan. Afgesien van die bydraes soos deur die Nasionale Sinode 1997 toegestaan, was daar ook gereelde hulp van die Klassis in Namibië en die Partikuliere Sinode. Daar was skenkings van gemeentes, susteraksies, individue en ook uit die buiteland. Die Gereformeerde Kerk Windhoek het ook op 'n vaste basis jaarliks tot die projek bygedra en toe dit nie voldoende was nie, het die Bybelvertalingskommissie 'n groot lening by die kerkraad aangegaan. Die bydrae van een persoon, het die kommissie in staat gestel om die lening af te los.

Aan die einde van 1997 was daar 'n surplus van N\$43 005. Aan die einde van 1998 kon ons afsluit met 'n surplus van N\$42 811. Deur die jaar het ons dus in werklikheid 'n tekort van N\$194 gehad, wat verhaal kon word uit die surplus van 1997.

Ons het vir 1999 van Januarie tot Desember begroot vir 'n inkomste van N\$190 000. Teen Junie is reeds N\$157 526 ontvang en ons begroot nou vir 'n totale inkomste van N\$240 000.

Wat uitgawes betref, het ons begroot vir 'n totaal van N\$322 000. Einde Junie was die uitgawes N\$132 953. Ons het nou ons begrootte uitgawes vir die jaar afgebring na N\$260 000. Dit laat ons dus slegs met 'n begrootte tekort van N\$20 000 vir 1999, wat verhaal kan word uit 1998 se balans van N\$42 811.

Enige surplus wat daar aan die einde van 1999 mag wees, sal verder aangewend moet word vir duplisering en uiteindelijke druk van die Bybel.

Besluit: Met dank kennis geneem van die finansiële betrokkenheid wat die voortgang en afhandeling van hierdie projek moontlik gemaak het.

5. Slot

Dit is maar net met nederige dank dat ons kan rapporteer dat nog 'n fase van die Boesmanbybelprojek wat 21 jaar gelede begin is, aan die einde van 1999 D.V. afgehandel sal wees.

Besluit: van punte 1 tot 5 word kennis geneem.

F. AANVULLENDE VERSLAG

'n Aanvullende mondelinge verslag van die Gereformeerde Kerk Windhoek oor die Boesman Bybelpublikasie Projek.

1. Die verslag in die aanvullende agenda is opgestel deur ds. P.J.W.S. van der Westhuizen aan die einde van September 1999. Daarom lyk dit of die Boesman Bybelpublikasie Projek nog nie afgehandel is nie.

2. Ons kan nou met dankbaarheid teenoor die Here rapporteer dat die Bybelpublikasie voltooi is. Die volledige Bybel is op audio/klankkassette gelees en op meesterbande vasgelê. Die Boesman Bybel bestaan uit 74 C90-kassette (OT=55, NT=19).
3. Daar is reeds 19 OT-kassette en 12 NT-kassette in massa gedupliseer en onmiddelik beskikbaar by die Gereformeerde Kerk Windhoek vir verspreiding. Die uitstaande 26 OT- en 7 NT-kassette sal in die komende maande deur Geref. Kerk Windhoek se Publikasiekommissie in massa gedupliseer word.
4. 'n Dringende oproep word gedoen aan kerke en lidmate in die resort van Kung-sprekende Boesmans om die verspreiding van die Bybel te behartig, sodat die Woord van God ook onder die Kung-sprekende Boesmans lig kan bring.
5. Die kostes om die massaduplisering af te handel sal uit die surplusfondse verhaal word. Die fondse is egter nie voldoende daarvoor nie. Die Geref. Kerk Windhoek sal self ook hierdie jaar fondse daarvoor insamel uit die kerkverband en vrywillige bydraes. Kerke se hulp en voorbidding word ook hiervoor gevra.
6. Die rekenaardiskette van die skriftelike vertaling, die meesterkopië van die klankkassette, die woordeboek en die taalreëls sal ook in meervoud gedupliseer word en op verskillende plekke bewaar word (o.a. die Kerkargief in Potchefstroom en die Bybelgenootskap van Namibië).
7. Die Publikasiekommissie van GK Windhoek gaan 'n skriftelike publikasie die lig laat sien waarvan enkele eksemplare ook veilig bewaar sal word vir latere navorsing en hersieningswerk. Die Bybelgenootskap van Namibië sal ook hierin behulpsaam wees.
8. Die Windhoek-gemeente wil graag hiermee die GKSA hartlik bedank vir fondse wat oor die afgelope jare beskikbaar gestel was om hierdie vertaling en publikasie te voltooi. Dank aan elke gemeente en individu wat mildelik bygedra het om die projek te befonds. Dank ook vir al u gebede.
9. Ons dank die Here vir sy versorging; vir die mooi gawes wat Hy aan ds. Flip van der Westhuizen gegee het en hoe Hy hom gebruik het om die Kung Boesman Bybel te voltooi. Die Here het dit só beskik dat die werk voltooi is enkele weke voor ds. Flip van der Westhuizen se afsterwe.
10. Ons roep die werk wat ds. Flip van der Westhuizen en br. Sisaba Abuse oor die afgelope 21 jaar gedoen het in dankbare herinnering. Aan God alleen alle dank en eer.

Besluit: Kennis geneem.

G. Kopiereg op die Kung-Boesman Bybelvertaling

1. Waarvan die Sinode kan kennis neem

- 1.1 U Kommissie het die advies ingewin van ds. H. Reinecke (voorheen predikant van die GK Windhoek), br. H.S.J. Vorster (Admin. Buro), prof. G.J. Pienaar (Regsdeputate) en prof. A le R. du Plooy (Regsdeputate).

Besluit: Kennis geneem.

2. Beredenering

- 2.2.1 Die Boesman Bybelvertaling het op inisiatief en onder toesig van die Gereformeerde Kerk Windhoek plaasgevind. Kerkrade en lidmate van die GKSA het ook deur al die jare op verskillende maniere 'n bydrae gelewer. Dit lyk belangrik dat hierdie twee partye ook toesig hou oor die kopiereg van die nou voltooide Kung-Boesman Bybelvertaling.

- 2.2.2 Beide die Geref. Kerk Windhoek en die Administratiewe Buro van die GKSA is 'n regspersoon.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 Aanbeveling

- 2.3.1 Die kopiereghouer van die Kung-Boesman Bybelvertaling is die Administratiewe Buro van die GKSA in oorleg met die Gereformeerde Kerk Windhoek.

Besluit: Goedgekeur.